e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

30 Mei 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 16

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

'n Simfonie van teologie

Die geluid van die evangelie weerklink wêreldwyd. In hierdie simfonie is Hervormde teologie 'n geringe dog onstuitbaar hoorbare geluid.

Teologie is 'n wetenskap wat by 'n akademiese instelling geleer word en in gemeentes prakties deur gelowiges geleef word. Die vraag is hier nie na die *wat* van Hervormde teologie nie, maar eerder 'n vraag na die *wat daarvan*. Hervormde teologie weerklink in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria. Ses voltydse dosente, een in elk van die tradisionele dissiplines, komponeer teologie in die Hervormde styl. Wie hoor hierdie klank?

Studente, voorgraads sowel as nagraads, leer teologie bedryf in hierdie styl. Voorgraadse studente sluit in studente geaffilieer by verskeie denominasies: NG Kerk, Gereformeerdes, Presbiteriane, Maranatha Reformed Church, Lutherane, Baptiste, Metodiste en Anglikane. Hierdie teologiestudente leef op 'n multikulturele en multigodsdienstige kampus en kom in kontak met medestudente. Iets van die teologiese ervaring vryf op medestudente af. As opgeleide predikante basuin hierdie teologiestudente eendag die evangelie uit in gemeenskappe regoor Suid-Afrika. Gelowiges regoor Suid-Afrika leer van kerkwees en gelowige wees by predikante opgelei deur Hervormde teoloë.

Nagraadse studente van verskillende denominasies van regoor Suid-Afrika sowel as die wêreld (van so ver as Europa, Korea, die VSA, Rwanda, die Demokratiese Republiek van die Kongo en Tanzanië) word blootgestel aan die teologiese vorming deur Hervormde teoloë. As opgeleide professionele teoloë laat hierdie akademici hul (Hervormde) opleiding spreek in hul eie omgewing.

Ses Hervormde dosente is plaaslik en internasionaal teologies spraaksaam. Plaaslik preek, praat, leer, adviseer en skryf Hervormde teoloë. Uit hoofde van akademiese verantwoordelikheid, neem dosente jaarliks deel aan internasionale akademiese konferensies, lewer referate en kom in kontak met verskeie teologiese denke. In gesprek met 'n internasionale gehoor, maak dosente hul unieke teologiese menings hoorbaar. Afgesien van konferensies, is dosente ook deel van internasionale vakorganisasies waar konstant gedink en gepraat word oor teologiese perspektiewe.

Hervormde teologie word gehuisves by die Universiteit van Pretoria, maar weerklink vanaf preekstoele vanaf Musina tot Mamelodi, vanaf Seoel tot New York. En, o ja, Hervormde teologie is ook die geluid wat die Hervormde Kerk se handjie vol voorgraadse en nagraadse studente aan die Universiteit van Pretoria hoor. Die Hervormde teologie is 'n unieke klank, gebore vanuit Afrikaners wat worstel oor hoe om God in Afrika te hoor. Vir Afrikaanssprekendes het Hervormde teologie 'n bekende geluid.

'n Simfonie bestaan uit die gekombineerde klanke van vele instrumente. Elke instrument dra by tot die geheel. Die finale geluid word verryk deur elke unieke individuele bydrae. Hervormde teologie lewer 'n unieke geluid in die wêreldwye weerklank van die evangelie. Die klankgolwe van die Hervormde teologie rippel veel wyer as wat op die oor af die geval mag wees.

Dr Jaco Beyers, UP

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Vakante standplase

- **Gemeente Turffontein in Johannesburg** beplan om eersdaags te beroep en wag aansoeke in van predikante wat in 'n **deeltydse hoedanigheid** in die gemeente kan werk. Die gemeente bestaan uit 276 belydende lidmate, waarvan die helfte bo 50 jaar oud is. Die omvang van die verantwoordelikheid en vergoeding is onderhandelbaar. Die kerkraad behou die reg voor om enige of geen van die aansoeke te aanvaar of nie. Navrae kan gerig word aan die skriba, Lucas Roodt, by 011 436 0094 (h) naure of 078 456 0837. **Aansoeke sluit op 31 Mei 2013.** CV's kan gestuur word na **Andrew.lucas@iburst.co.za**.

- **Gemeente Bloemfontein** beplan om eersdaags te beroep en wag aansoeke in van predikante wat op 'n **voltydse basis** in die gemeente kan werk. Die omvang van die verantwoordelikhede en vergoeding is onderhandelbaar. Die kerkraad behou die reg voor om enige of geen van die aansoeke te aanvaar. Navrae kan gerig word aan Chris Smit by 083 501 0636. CV's kan na **chrisfcs@gmail.com** gestuur word. **Aansoeke sluit op 31 Mei 2013.**

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAATSTE na **produksie@nhk.co.za** gestuur word.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Potchefstroom. Aansoeke sluit op 31 Mei 2013.** Die vereistes is onder andere:
  o Getroude egpaar.
  o Verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud.
  o Lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk.
  o Goeie gesondheid.
  o Aanvoeling vir kinders.
  Benewens 'n maandelikse kontantvergoeding word gratis inwoning in die DPS-huis ook by die pakket ingesluit. Kontak die volgende persone vir meer inligting:
  Mnr Otto Viljoen: 012 322 8885 / 079 495 2007 / kinderhuise@nhk.co.za
  Ds Willem Kok: 018 294 4187 / 083 664 0058 / wilmak@absamail.co.za
  Dit sal waardeer word indien predikante hierdie inligting by die afkondigings van die gemeentes sal insluit.

- **AGB-wenk:** Is daar 'n informele nedersetting binne jou gemeente se bedieningsgebied? Besoek asseblief die bejaardes daar en help om hul lewenskwaliteit te verbeter. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die Algemene Diakensvergadering se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- Neem asseblief kennis dat die kontakbesonderhede van **Gemeente Potchefstroom Die Wilge** verander het. Die nuwe skriba is oudl Douw Prinsloo, tel 083 204 6895. Die administratiewe beampte/kassier is oudl Chrissie Rademeyer, tel 083 537 1348. Die gemeentelike e-posadres is **chrisradem@yahoo.com** en die posadres is Posbus 242, Potchefstroom 2520. Die eredienste word waargeneem deur **dr Rudy Denton** op 'n deeltydse basis.

- **Evaluering van voornemende teologiestudente.** Die evaluering vind op **12 Julie 2013** by UP plaas. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer

het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303; e-pos **betsie.brits@up.ac.za**. Die sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **14 Junie 2013.**

- **Toer die Droom 2013: Gemeente Philadelphia**
  Ter ondersteuning van minderbevoorregtes in en om Pretoria
  29 Junie tot 13 Julie uit Pretoria na Laeveld en terug
  Beoog om vanjaar R500 000 in te samel
  Wil u optree as naamborg (R40 000), sekondêre borg (R20 000)
  of enige ander bedrag bydra?
  Kontak Joleen Joubert (Bemarking) by **joleen@mweb.co.za** / 072 272 6644

6de ADV 22-25 Mei

Andries Pretorius

- "*Moeg maar tevrede, weerloos maar vervuld. Die vergadering waar ek die meeste geleer, ervaar, gehuil en gelag het, beste vergadering in 25 jaar se bediening.* So lui van die kommentaar na afloop van die 6de ADV. Baanbrekerswerk, want ek sien julle op my rekenaar terwyl julle vergader. Dankie aan almal wat meegewerk het om die 6de ADV 'n reusesukses te maak. Die werklike sukses van die vergadering sal volgende jaar by die RDV's gesien word. Kyk op Facebook **6de ADV** vir foto's en ander kommentaar. Besoek ons webblad **www.diakens.co.za** vir van die aanbiedinge en video's."

Andries Pretorius, ADV-voorsitter

Dr Hennie en Magda van Deventer

- "Die 6de ADV is pas verby. Dit is moeilik om die regte woorde te vind om, naas die effektiwiteit daarvan, volle reg aan die emosionele belewenis van die vergadering te laat geskied. Elke saak op die agenda is met deernis en entoesiasme behandel sodat kerkwees gewortel in die barmhartigheidsdiens tot sy volle reg gekom het. Die enkelinge en groepe met gestremdhede het met hul teenwoordigheid en optredes harte geroer en oë laat blink. Die vergadering is puik gereël en aangebied. Dit was 'n belewenis wat ek vir geen geld ter wêreld sou wou misloop nie. Baie dankie aan Andries Pretorius, Gerhard Stoltz, Sonet Esterhuizen en al die ander wat ons van 'n onvergeetlike ervaring voorsien het. Vir my is dit duidelik dat die Heer van sy kerk deur sy Gees steeds wonderwerke laat gebeur."

Dr Hennie van Deventer, AGB: ADV-werkgroep vir bejaardes

Prof Bieks Beukes

- Van negatiwiteit, moedeloosheid, toekomsloosheid en verskille was niks te bespeur by die Algemene Diakensvergadering wat in Pretoria gehou is nie. Met geïnspireerde entoesiasme het die voorsitter Andries Pretorius, die sekretaris ds Gerhard Stoltz, en die ADV-bestuur daarin geslaag om deur middel van sinvolle inhoude, diverse nuwe aanbiedingswyses en moderne tegnologie die vergadering te lei tot daadwerklike raaksien van die grootheid van God se genade, die mens se nood en 'n entoesiasme om betrokke te wees by die diakonale werk as integrale deel van die Kerk se bediening."

Prof Bieks Beukes

- **Nuwe ampsdraers van die ADV.** Tydens die pas afgelope 6de ADV is die volgende persone as Kommissie van die ADV verkies:
  DAGBESTUUR: Diak Andries Pretorius (voorsitter); diak Elmien Botha (skriba); diak Dirk Stoltz (visevoorsitter); diak Wilna Gates (viseskriba); mnr Elmar Struwig (administrateur).
  ADDISIONELE LEDE: Diak Lizel Kieviet; diak Hans Janse van Rensburg; diak Mario Röscher; diak Otto Nel; diak Roy McEwan; diak Leandri Pretorius.

Aksiegroep Gestremdheid

- **ADV se Jaar vir Gestremdheid: Respekteer en akkommodeer.** Wees bedag op donker plekke. Jou gesig moet ten volle sigbaar wees. Wanneer jy in donker areas kom, soos die motor in die aand, binne die fliek, rondom 'n kampvuur, moet jy besef dat dit nie 'n goeie tyd is om met 'n persoon wat gehoorverlies het te praat nie. Jy kan jou selfoon se liggie gebruik om op jou gesig te skyn, maar vermy dit eerder heeltemal om in die donker te gesels (Vicki Fourie, Mej Dowe SA 2009).

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Laer Suidkus: Feesnaweek 14-16 Junie 2013**
  40-jaar-viering
  Vrydagaand 14 Junie vanaf 18:00: Sop-en-sjerrie-ete
  In kerksaal te Scottstraat 3, Port Shepstone
  Oudlidmate wat vakansie hou aan die Suidkus van KZN baie welkom
  Geen koste maar donasies is welkom
  Sop en sjerries word voorsien, bring eie ander drinkgoed saam
  Bevestig teenwoordigheid asseblief vooraf
  Saterdag 15 Junie vanaf 12:00: Potjiedag by die MOTH-saal te Sea Park
  Kontantkroeg, plaaslike gaskunstenaar maak musiek
  Rugby op die groot skerm sluit die dag af
  Kaartjies R50 per persoon
  Kontak Jacques Pieterse by 082 458 4482 of **jacquesjean@vodamail.co.za**
  Sondag 16 Junie om 09:30: Dankdiens in die kerkgebou

- **Gemeente Vereeniging: Eeufeesviering 24 tot 25 Augustus 2013**
  Saterdag 24ste: Gesellige bring-en-braai op kerkterrein
  Sondag 25ste: Erediens met Albertonse Mannekoor om 09:00
  Program en gesamentlike middagete
  Gelukwensings kan gestuur word na **pbboshoff@telkomsa.net**

- **Gemeente Otjiwarongo: 75-jaar-viering**
  Vrydag 30 Augustus: Optrede deur opkomende musiekster Lisa Brönner
  Saterdag 31 Augustus: Feesgeleentheid
  Stalletjies, gesinsvermaak, potjiekoskompetisie en jaarlikse naggholf
  Sondag 1 September: Hoeksteenonthulling en erediens
  gelei deur ds Barrie Oberholzer
  Vir verdere inligting, inskrywings of borge kontak ds Elritia le Roux
  +264 876 3664 of e-pos **propeleroux@gmail.com**

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember 2013
  Basaar en hoeksteenoprigting (met optrede deur sanger Pieter Smith)
  asook Voorbereiding Saterdag
  en Nagmaal en Danksegging met doop Sondag
  Gedenkalbum deur prof Hennie van der Westhuizen
  Navrae en bestellings aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 7 Junie, en word hartlik geluk gewens.**

  - Donderdag 30 Mei: Ds Louis Nel (emeritus)
  - Vrydag 31 Mei: Ds Gert van Staden (Ring van Bothaville)
  - Dinsdag 4 Junie: Di Thomas Joubert (Swellendam) en Tiaan Loedolff (Alberton)
  - Woensdag 5 Junie: Dr Hans Dreyer (emeritus) en ds Frikkie van Wyk (Montana-Oos)
  - Donderdag 6 Junie: Prof Andries Breytenbach (emeritus), di Petrus

Dreyer (Barberton) en Herman Jansen van Rensburg (emeritus)

- Vrydag 7 Junie: Di Leon Nell (emeritus) en Johnny Young (Rustenburg-Tuine)

Beplande vergaderings

- Vrydag 31 Mei: Raad van Finansies
- Donderdag 6 Junie: Kommissie van die AKV
- Vrydag 7 Junie: Kommissie van die AKV

Kursusse en toerusting



- **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)**
  4 en 5 Junie by Gemeente Wapadrant
  Tema: *Geloofsonderskeiding soos belig vanuit die verskillende vakdissiplines*
  Ons is bevoorreg om vanjaar 'n buitelandse gas as een van die aanbieders te kan beleef. **Prof Toine van den Hoogen** van Nijmegen, Nederland sal geloofsonderskeiding vanuit 'n dogmatiese hoek belig. Neem kennis dat prof Van den Hoogen slegs by die Junie VTT teenwoordig kan wees. Maak dus gebruik van hierdie unieke geleentheid, hy kan ongelukkig nie by die November VTT teenwoordig wees nie. Bespreek asseblief vroegtydig by mev Betsie Brits: 012 420 5393 / **betsie.brits@up.ac.za**.

- **Die Hervormde Teologiese Kollege (HTK): Openbare lesing**
  Woensdag 12 Junie om 19:00
  By die Fakulteit Teologie, UP
  Dr Wouter van Wyk (SENTIK) praat oor *Die Bybel, interpretasie en Skrifgebruik*
  Alle lidmate en ampsdraers is welkom om dit by te woon
  en na afloop van die voordrag aan die gesprek deel te neem

- **Interkerklike trauma-ondersteuningskamp**
  Vir naasbestaandes van slagoffers
  9-11 Augustus by Magaliesberg-kampterrein
  Inisiatief van Elize Perrin, suster van Mauritz Oberholzer
  (Hy is in September 2012 in plaasaanval naby Brits vermoor)
  Hooffasiliteerder: Ds Pieter Oberholzer, Weermagkapelaan
  en predikant van NG Kerk Groenkloof
  Koste: R550 per persoon (akkommodasie, etes en konferensiefasiliteite)
  Bespreek by Elize by 072 600 5809
  of **deoudepastorie.victoriawest@gmail.com**
  Navrae oor inhoud van program aan Pieter by 082 332 5782
  of **pieterjanob@gmail.com**

TOEGEPASTE BERADINGSKOOL VIR LERAARS, KERKLEIERS EN TEOLOGIESTUDENTE

30 VBO-PUNTE

Hierdie skool bied u 4 dae se bruikbare beradingsopleiding en vaardigheidsontwikkeling wat binne u pastorale konteks toegepas kan word.

Temas en praktiese oefening

●Trauma in die bediening ●Seksualiteit en geslag ●Konflikontlonting

●Vooroordele ●Omgeegesprekke ●Etiek en diensbaarheid

24-27 Junie 2013, Steve Biko-hospitaal, Pretoria

Koste R1 500

contact@acdisa.org vir meer inligting

acdisa

Aangebied deur die Applied Counselling & Development Institute of SA se geregistreerde en gesertifiseerde pastorale en sielkundige beraders en traumapraktisyns.

Beskikbare behuising

- **Gemeente Philadelphia** het **akkommodasie** beskikbaar vir ’n **student**. Dit bestaan uit ’n privaatkamer met gemeenskaplike ablusie en kombuis. Dit is binne stapafstand van die Universiteit en daar is veilige parkering. Die koste is R2 860 per maand, wat skoonmaakdienste een maal per week insluit. Kontak Elize Fourie by 012 362 7237 tussen 08:30 en 12:30 op weeksdae, of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866, of stuur ’n e-pos na **philadelphia@nhk.co.za**.

- **Piet Potgieter Monumenttehuis in Mokopane (Potgietersrus)**
  Die volgende akkommodasie is tans by die Dienshuise beskikbaar:
  2 groot luukse kamers: R4 500 elk
  Kleiner kamer met stort: R3 000
  Klein kamer sonder badgeriewe: R2 250
  Ontbyt en middagete ingesluit
  Geskik vir selfversorgende bejaardes, wat self hul kamer en wasgoed moet doen
  Rustige, plattelandse dorp ideaal vir aftrede
  Kontak bestuurder mev Mariana van Tonder by 015 491 6314

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis-woonstelle in Parys**
  Daar is tans die volgende behuising vir senior burgers beskikbaar:
  2 x enkelkamer met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week
  1 x lieflike enkelkamer met eie kombuis, stoep en tuin,
  met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week
  R5 800 per maand
  Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

Konserte en feeste

- **Vrydag 31 Mei om 19:00**: **Gemeente Kaapstad**
  Konsert met Kaapse Walliese Mannekoor te Tygerberg
  Kaartjies R40 per persoon
  Navrae aan ds Kathleen Smith by 021 551 5264

- **Maandag 3 tot Vrydag 7 Junie: Gemeente Hartebeeshoek**
  Jaarlikse Revuefees
  Laerskool Akasia om 19:00
  Magaliesberg se Kinderkoor op Woensdagaand 5 Junie
  R50 per persoon, voorskoolse kinders gratis
  Te koop: Vetkoek met maalvleis, kerrie-en-rys, drinkgoed
  Kontak Elma Williams by 082 562 5244 vir meer inligting
  Kaartjies ook by deure te koop

- **Vrydag 7 Junie: Gemeente Bergsig: Fredi Nest**
  18:00 tot 19:00 in kerksaal
  hv Leonide- en Karel Trichardt-straat, Mountain View
  R30 per persoon
  Navrae by 082 377 0747

Kampe en toere

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: 2 tot 18 Oktober 2013**
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Plek vir slegs 30 – bespreek betyds!
  Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
  ernest.vaneck@up.ac.za
  of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
  louise.geyser@absamail.co.za

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus
  Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
  Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
  of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Laer Suidkus: Jaarlikse *Prawn*-fees**
  Vrydag 5 Julie vanaf 18:30
  In saal van Hoërskool Suid-Natal

Driegangmaal met eet-soveel-*prawns*-as-jy-wil as hoofgereg
R150 per persoon
Ete met hoender as hoofgereg teen R75 per persoon ook beskikbaar
Besprekings is belangrik, want kaartjies verkoop vining
Kontak Jacques Pieterse by 082 458 4482 of **jacquesjean@vodamail.co.za**

Basaars en markte

- **Vrydag 31 Mei vanaf 13:00: Gemeente Delmas: Basaar**
  Tema: *Water vir Lewe*
  Koek, braaivleis met eerstegraad beesvleis
  en gemeente se eie resep boerewors
  Vetkoek, kerrie-en-rys, pannekoek, poeding...
  Vleisprodukte met topgraad maalvleis en heerlike wors
  Agterkwarte beskikbaar op bestelling
  Kompetisie: *'n Boer maak en plan en 'n Boervrou het 'n plan*
  Bring jou eie slim boereplan groot of klein en spog met jou eie uitvindsel (patent)
  1ste prys: R1 000; nog pryse vir 2de en 3de plekke
  Navrae aan Heleen by 013 665 2679 of **delmas@nhk.co.za**

- **Vrydag 31 Mei en Saterdag 1 Junie**
  Gemeente Waterberg in Nylstroom: Basaar
  Tema: *Van toeka tot nou*
  Met alles wat tradisioneel by 'n basaar gevind word
  Vleis, potjiekos, pannekoek, pap-en-kaiings, konfyt, groente en vrugte
  Fliek en veteraanmotorskou
  Navrae aan **hervormwaterb@telkomsa.net**

- **Vrydag 31 Mei en Saterdag 1 Junie**
  Gemeente Rustenburg: Boerefees
  Bak van 6 m koeksister, varsgebrande koffie
  Vars brood en beskuit, handwerk
  Platina VLU-streek: Huisvlyt en blomme 28-31 Mei
  Uitstallings van bakkies, trekkers en implemente, veteraanmotors
  Op terrein 2 km vanaf Waterfall Mall op Johannesburg-pad
  Navrae aan Mari by 084 208 7445
  of ds Johan van Wyk by 082 577 4091

- **Vrydag 31 Mei en Saterdag 1 Junie**
  Gemeente Losberg in Fochville: Basaar
  Kosstalletjies, gebak, vleis, biltong, verskeie items by die witolifant
  en tierlantyntjies
  Vir die kinders is daar 'n spookhuistent en speletjies
  Navrae aan Sannietjie Boshoff by tel/faks 018 771 2617 / **sanboshoff@gmail.com**

- **Saterdag 1 Junie vanaf 09:00: Gemeente Kathu**
  Kameeldoring Karnaval
  Noord-Kaapse kos, kuier, kunstenaars en kindervermaak
  Pieter Koen en ander
  Ontbyt, biltong, braaivleis, gemmerbier, pannekoek, poeding, ribburgers...
  R20 volwassenes, R10 laerskool, gratis voorskool
  Navrae aan ds Annalize Rossouw by 073 272 4018

- **Saterdag 1 Junie van 09:00 tot laat**
  Gemeente Randfontein Midpark: Winterfees
  By die kerk
  Baie te eet, te drink en te sien
  Mnr Boepens, Mnr en Mej Toddlers en Tiaras (voorskool)
  Mnr en Mej Walt Disney (laerskool)
  Mnr en Mej Greece (hoërskool)
  Vlieërs, kaskarre…
  Kontak die gemeentelike kerkkantoor by 011 692 3236

- **Saterdag 1 Junie: Gemeente Van der Hoff op Groblersdal**
  Basaar: *Terugblik op gister*
  Op kerkterrein in Voortrekkerstraat
  Verskeie kompetisies, pret vir groot en klein
  Plaaslike sangers; vars vleis; plaasprodukte en wegneemetes te koop
  Gemeente se eie RADIO RUPERT!
  Kontak ds Johan P du Preez by 072 461 0993

- **Vrydag 7 Junie vanaf 12:00: Gemeente Piet Potgieter (Potgietersrus) 40-jaar-feesbasaar**
  Wildsbiltong en wors, gebak en basaarkos
  Teetuin, groente en handwerk
  Kontak Wilma saans by 078 196 7106
  of Janie soggens by 015 491 6310

ANDER NUUS

- **Bybelgenootskap van Suid-Afrika.** 'n Nuwe webdomein is vir *Die Bybel: 'n direkte vertaling* geregistreer: **www.bybeldirektevertaling.co.za**. Een van die redes is dat dit die titel van die Bybel gaan wees, en dit sal goed wees om dit nou reeds te vestig. Wanneer die Bybel verskyn, sal baie mense reeds weet waarna verwys word. Die webdomein **www.nuwekerkbybel.co.za** is reeds vroeër wyd gekommunikeer, en sou iemand dit steeds gebruik, sal hulle steeds by die regte plek uitkom.

- **Vakature: Administratiewe Beampte / Rekenkundige Beampte**
  By Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys, Vrystaat
  Rekenkundige agtergrond met ondervinding
  Goeie telefoonetiket en kommunikasievaardighede
  veral ten opsigte van bejaarde persone
  Selfgemotiveerd en in staat om onafhanklik te werk
  Kode 08-bestuurlisensie
  Tweetalig in Engels en Afrikaans
  Rekenaargeletterd in MS Office – veral Outlook, Word en Excel
  Pligte: Beantwoord telefoon en kanaliseer na korrekte afdeling,
  algemene kantooradministrasie,
  invordering van geld en hantering van trustfondse,
  instandhouding van administratiewe en finansiële program op rekenaar
  Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes
  Sluitingsdatum: 30 Mei 2013
  Stuur CV aan: Mev A Botha, faks 056 817-7525, e-pos **hf@otmt.org**

- **Vakature: Assistentverpleegster**
  By Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys, Vrystaat
  Tehuis vir verswakte en selfversorgende bejaardes
  Pligte: Algemene versorging van inwoners, bedwas
  en kliniekdienste soos die neem van bloeddruk
  Vereistes: Goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede
  Vorige ervaring in veld van verpleging van bejaardes sal sterk aanbeveling wees
  Moet geregistreer wees by die Verpleegstersraad
  Normale diensvoorwaardes
  Stuur CV aan mev A Botha, faks 056 817 7525 of e-pos **hf@otmt.org**

- **Nasionale Kinderbeskermingsweek** laaste week van Mei
  Ondersteuningsraad (OSR) versoek **gemeentes en kategeseklasse**
  om **blikkieskos in te samel** en torings daarmee te bou
  Kyk hoe hoog die toring gebou kan word
  of maak die toring 'n simboliese voorstelling van kinderbeskerming
  Skenk die blikkieskos aan die naaste OSR-kantoor vir hulpbehoewende gesinne
  of aan enige welsynskantoor of skoolvoedingskema
  Stuur **foto's** van die torings na **oraadpb@nhk.co.za** / **diakens@nhk.co.za**
  vir plasing op die ADV/OSR se webblad
  Gemeentes kan ook ander aktiwiteite hieroor aanbied
  Preke vir die Sondag kan ook aan die tema gewy word
  Kontak Charmaine Fourie by 012 322 8885 x313 / **oraadpb@nhk.co.za**

- **Nuwe nasionale fondsinsamelingsprojek op 31 Mei**
  Plakkers te koop @ R10 elk
  5 soorte plakkers
  Diere; algemene welsyn in gemeenskap; kinders; gestremdheid; onderwys
  Ook spesiale paar veters te koop @ R30
  As deel van die plakker is daar ook 'n kleiner plakker om op jou selfoon te plak
  Bestel van TOIBO: Arina Jooste 012 320 7644 / 082 560 5213

- **Saterdag 1 Junie 14:00 tot 16:00: Erediens voor die Comrades-maraton**
  Christen Comrades Hardloperskonferensie
  By die Christ Church Pinetown (hv Kings- en Mellerstraat)
  Navrae aan ds Anneke Viljoen by **anchri@mweb.co.za**
  Oordenking sal waargeneem word deur Rev Vernon Loker

- **Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid**
  Vrydag 7 Junie om 19:30 in die Aula, UP
  Romanz en Nianell: *'n Duisend drome*
  Kaartjies R120 tot R150 per persoon
  Besprekings by skool 012 800 1071 (kantoorure) /
  Marietjie 083 294 8246 (naure) / Lizet 082 550 6960

- **450 jaar Heidelbergse Kategismus**
  Gesprek oor die Kategismus tot versterking van geloof
  Datum: Maandag 17 Junie
  Plek: Gereformeerde Kerk Bellville, Broadwaystraat 6, Vredelust, Bellville
  Tyd: 17:00 tot 21:30 (aandete en verversings)
  Toegang: Deurkollekte; ete moet vooraf bespreek word @ R25
  Sprekers: Dr Victor E. d'Assonville, dr Lourens Erasmus,
  dr Gerard Meijer, ds Erik van Alten
  Gespreksleier: Ds Coen Vrey
  Vir bespreking van ete: 021 911 5419 of **cca.vrey@telkomsa.net**
  Vir algemene navrae: 012 332 1196 of **gerardjmeijer@gmail.com**

- **450 jaar Heidelbergse Kategismus**
  Toer na Nederland en Duitsland
  18 tot 28 September 2013
  Die toertaal is Afrikaans!
  Toergids dr Victor d'Assonville, toerleier ds Malan van Rhyn
  Deposito van R3 000 aan Seagull Toere nodig om plek te verseker
  Afsnydatum vir besprekings 31 Mei 2013
  Kontak ds Malan van Rhyn by 082 858 0538 / **mvanrhyn@telkomsa.net**
  of dr Victor d'Assonville by **vieddas@yahoo.de**

- **Maandag 14 Oktober 09:00 tot 16:00**
  Predikanteseminaar
  Tema: *Tussen-Testamentêre Tydperk / Tweede Tempelperiode – stil of nie?*
  Noordwes Universiteit, Potchefstroom-kampus
  Kamer 204, Fakulteit Teologie
  Aanbieders dr Jacobus de Bruyn en mnr Eugene Coetzer
  Alle kerkverbande se leraars word uitgenooi
  Dien as verdere opleiding vir predikante
  R320 per persoon, sluit middagete en verversings in
  Inskrywings teen **Vrydag 20 September** op die laatste
  Navrae aan dr Jacobus de Bruyn by 072 606 1661 /
  jacobus.debruyn@gmx.com

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar **daar sal nie onderhandel word oor die uitleg** daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie.

Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Baie dankie, ds Willie Botha, vir jou besonderse voorbladartikel / oordenking (*e-Hervormer*, 22 Mei). Dis ook 'n tydige woord in ons Kerk. Prof HG van der Westhuizen het juis oor hierdie reis gepreek by die inwyding van die kerkgebou in Kathu, jare gelede. Dit was onvergeetlik, en omdat jou artikel net so tydig en goed is, glo ek dit sal ook onvergeetlik bly."

Ds Dirk Stoltz, emeritus

"Verlede week se boodskap (van ds Willie Botha) was een van die bestes wat ek in die *e-Hervormer* gelees het. Baie dankie."

Phillip Strydom

AGTERBLAD

Almanak / Bybelse Dagboek 2013

Die *Almanak / Bybelse Dagboek* van 2013 is nou van R120 per eksemplaar afgemerk na R80 elk (posgeld uitgesluit).

Bestel u eksemplaar teen hierdie goeie prys van mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of e-pos **sentik@nhk.co.za**.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel